
DIE SWART LUIPERD
No. 50
Woud van Onheil
MEIRING FOUCHE


Met 'n blitsige beweging waarin twee aksies tegelyk plaasvind, tree die Luiperdman op. Hy slaan vir Dexter met sy regterhand teen die grond en met sy linkervoet trap hy die tafel om sodat Burton met rewolwer en al op sy rug beland, met sy regtervoet skop hy die lantern dat dit daar trek en byne oombliklik doodgaan en toe, met 'n wye boog, nog voordat Mapiri of een van die ander inboorlinge wat daar staan, hulle kan verroer, duik hy na die agterkant van die tent onder die seil deur.

Al wat hy nou weet, is dat hy hier alleen in die donker is sonder 'n wapen om homself mee te verdedig. Hy luister aandagtig!

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD

## No. 50
## Woud van Onheil



MEIRING FOUCHE

R1,20
a.v.b uitgesluit

## Hoofstuk 1

## TWEE VREEMDELINGE

Dit is al laat namiddag en die groot bruingebrande man met sy yslike skouers stap heen en weer langs die reling van die groot passasierskip byna net soos 'n volstruismannetjie wat op en neer langs die draadheining kuier. Daar is onrus en humeurigheid in sy houding en elke keer tuur hy oor die reling weg landwaarts. Dan is sy oë nou, met 'n uitdrukking van ongeduld daarin. Nadat hy 'n rukkie oor die see weg gestaar het, kyk hy weer af in die water na die smal vinne van haaie wat agter die skip aanswem in die hoop dat hulle iets te ase sal kry.

Passasiers wat in die kwaai hitte op die dek sit en luier, kyk met heimlike bewondering na die reus van 'n man wat met soveel gemaklike lenigheid beweeg en wat so 'n voortreflike liggaam het—so groot en tog so slank. So perfek gevorm soos die liggaam van 'n atleet. Elkeen wat na hom kyk, is bewus van die verskriklike krag wat in daardie liggaam moet sluimer.

Maar die Swart Luiperd is nie eens daarvan bewus dat mense hom bewonder nie. Hy voel ál asof hy in 'n nou kerker vasgekeer word want dit is nou al dae en dae wat hy op die skip is sonder beweegruimte; sonder die oop vlaktes voor hom of die beskermende kruine van die diep oerwoud oor sy hoof. Hy wens net hulle wil nou Dar-es-Salaam bereik sodat hy sy voete weer op vaste grond kan kry en sodat hy weer kan koers vat na die lokkende eensaamheid van vlakte en oerwoud.

Hy het vanmiddag al vir die soveelste keer na sy diere gaan kyk. Ver op die agterdek word sy diere gehuisves. Ou Donker, sy ryperd, in 'n skerp staalomheining onder 'n pakseil. Sy twee tiers, Simson en Spikkels, in 'n sterk, groot, lugtige houthok waarin hulle nie opmekaar hoef te sit nie. Sy diere lyk vir die Swart Luiperd al net so onrustig en ongeduldig soos hy. Hulle hunker ook na die ruigtes. Hy kan sien dat die hitte hulle uitput en hulle hinder. Hierdie is nie die eerste maal dat hulle skip ry nie. Dit is maar soos hy hulle elke keer na Oos-Afrika bring nadat hy 'n tyd lank by sy vrou en sy seun op sy Hoëveldse beesplaas vertoef het. Hy was

nou geruime tyd op sy plaas maar 'n maand of so gelede het die roepstem van die oerwoud vir hom te sterk geword en het hy klaargemaak om weer die vreemde in te gaan.

Hy weet nie of dit toeval is en of dit miskien die noodlot is nie, maar net toe die treklus hom weer beetgepak het, het daardie brief op sy plaas aangekom. Die geheime brief, goed verseël en met die groot amptelike stempel daarop.

In die brief is 'n belangrike versoek aan hom gestel. 'n Versoek wat hom die gevaar sal binne neem maar wat hom ook in staat kan stel om 'n harde hou te slaan vir vrede en vir die beskawing.

Hy het eers baie gehuiwer voordat hy daardie brief beantwoord het want 'n man met sy wanderlust en sy vryheid van gees, onderneem nie graag dinge soos dié waarvan in die brief melding gemaak word nie. Maar nadat hy lank met sy vrou beraadslaag het, het hy tog ingewillig om homself beskikbaar te stel vir die sending waarvan in die brief melding gemaak is. Dit het hy alleen gedoen na rype beraad met homself en sy goeie vrou. Hulle altwee het besef dat 'n ernstige gevaar op hom wag as hy aan hierdie versoek sou voldoen. Maar vir die Swart Luiperd is gevaar feitlik soos 'n medebroer. Hy is nooit ver van gevaar af op sy omswerwinge in oerwoud en vlakte nie, en waar hy nou hier vir sy medemens 'n taak verrig, het hy ingewillig tot daardie belangrike versoek.

Dit is daarom dat hy na Dar-es-Salaam gaan. Daar wag verdere instruksies op hom. En dit is daarom dat hy nou so ongeduldig hier teen die reling op en neer stap. Hy wens die reis is al op 'n end want hy verkies ou Donker se rug bo die egalige gewieg van die groot skip wat hom en sy diere deur die water dra.

Die Luiperdman is eintlik al sku vir die mense op die skip. Op die een of ander manier het hulle uitgevind wie hy is. En vroeg en laat word hy voorgekeer deur nuuskieriges wat wil hoor van sy ondervindinge. Party van hulle is vriendelik en spontaan en aan hulle het hy ook al baie van sy ondervindinge meegedeel. Maar party is opdringerig en onaangenaam en dit is hulle wat hom ontstem en hom nog meer laat verlang na vaste grond.

Hier waar hy nou oor die reling staan en leun, starend na die skynbaar onuitputlike haaie wat elke oomblik van die dag die groot vaartuig agtervolg, sien hy skielik 'n skaduwee langs hom verskyn





en toe hy opkyk, kyk hy in die gesig van 'n groterige, gryserige middeljarige man met laggende oë. Langs hom staan 'n kleiner mannetjie, 'n bietjie blas van kleur en met 'n gesig waarvan die Luiperdman instinktief nie hou nie. Hy het hulle altwee al op die skip opgemerk. Met etenstyd het hulle nie ver van sy tafel af gesit nie. Maar hy het nog nooit met hulle gepraat nie.

Die Luiperdman kom orent en draai half om daar teen die reling. ,,Ek is jammer om jou mymeringe te onderbreek, vriend,'' sê die groot gryserige man. ,,My naam is Jack Burton. Hierdie is my vriend Tony Dexter.''

,,Aangename kennis,'' sê die Luiperdman en op tipies Suid-Afrikaanse manier steek hy sy hand uit en skud hulle die blad.

,,Nou weet ons nog nie wie jy is nie, vriend,'' sê Jack Burton met 'n glimlag, ,,hoewel ons al baie van jou gehoor het.''

,,Noem my maar die Swart Luiperd,'' sê die lang man. ,,Dit is soos ek in hierdie dele bekend is.''

,,Wat 'n skilderagtige naam,'' sê Tony Dexter.

,,Jy is 'n groot jagter, nie waar nie, Luiperdman?'' vra Jack Burton.

,,Nee, dít is ek nie,'' antwoord die Luiperdman vinnig. ,,Ek is alles behalwe 'n jagter. Ek is 'n liefhebber van diere en van die oerwoud.''

,,Ek sien,'' sê Jack Burton. ,,Ons het al so baie van jou dapperheid en onverskrokkenheid gehoor dat ons daarvan afgelei het dat jy 'n jagter is.''

,,Nee, dit is verkeerd,'' sê die Swart Luiperd, ,,die uitvraery hier op die boot oor wilde diere en oor die oerwoud begin nou 'n bietjie vervelig raak. Ek wens ons is nou in Dar-es-Salaam.''

,,En is jy nou weer op een van jou reise?'' vra Tony Dexter.

,,Ja, ek is weer op een van my reise,'' antwoord die Luiperdman.

,,En watter kant toe hierdie keer?'' vra Jack Burton en sy blou oë glimlag.

,,Na die suidwestelike kant van Tanzanië ,'' antwoord die lang man. Die woorde is uit voordat hy hulle kon bedwing of voordat hy homself bedink. Hy is nie gewoond aan hierdie soort dinge nie. Om geheime te hou, is nie deel van sy karakter nie. Hy is

'n openhartige, vriendelike natuurmens wat nou net nie daaraan glo dat dit goed is om donker geheime in hom om te dra nie. Daarom het hy nou so spontaan die rigting van sy reis teenoor hierdie twee volkome vreemdelinge uitgelap. En nou kyk hy onhandig op sy hande af.

,,Na suidwestelike Tanzanië ," sê Tony Dexter en kyk vinnig na Jack Burton. Daardie blik ontgaan die aandag van die Swart Luiperd nie.

,,Ja, dit is interessant," sê Burton, ,,dit is omtrent dieselfde rigting waarin ons reis."

,,Is julle jagters?" vra die Luiperdman en daar is 'n sweem van afkeuring in sy woorde.

,,Nee, ons is nie jagters nie," antwoord Tony Dexter met 'n vinnige glimlaggie. ,,Ons is prospekteerders."

,,Prospekteerders?" vra die Luiperdman met 'n frons. ,,Waarna prospekteer julle?"

Jack Burton staan nader aan die groot man. Toe praat hy fluisterend. ,,Ons behoort jou dit nie eintlik te vertel het nie, Swart Luiperd, maar ons prospekteer vir uraan. Daar is praatjies dat daar in suidwestelike Tanzanie naby die grens van Malawi uraan te vind is."

,,Njassaland?" vra die Luiperdman. ,,Dit is nie veilig in daardie geweste nie. Soos julle weet, is daar groot onrus in Njassaland."

,,Dit is juis die ding," sê Jack Burton vinnig en fluisterend. Hulle loer om hulle heen of daar nie iemand is wat kan hoor nie. ,,Dit is juis daarom dat ons na jou gekom het, Luiperdman. Soos ek sê, ons het nou hier aan boord al heelwat van jou gehoor. Ons het verneem dat jy 'n gesiene en gerespekteerde man is, nie alleen onder die blankes van hierdie wêrelddele nie maar ook onder die inboorlinge. Omdat die pot so kook in Malawi , is ons 'n bietjie skrikkerig. Ons het gewonder of jy ons nie daarheen wil vergesel nie. Natuurlik teen goeie vergoeding. Wanneer ons eers daar is, kan jy vir ons miskien voorbrand maak by die inboorlinge sodat daar teen ons nie agterdog sal wees nie en sodat ons ons werk ongehinderd sal kan voortsit."

Die Luiperdman kyk indringend na die twee manne voor hom.





Hy weet nie of dit maar net verbeelding is of wat nie, maar hulle twee lyk vir hom na alles behalwe twee prospekteerders. Daarvoor lyk hulle glad te verfynd, glad te welvarend en glad te geheimsinnig.

,,Ons sal jou goed betaal, Luiperdman," sê Tony Dexter. ,,Dit is tog seker vir jou die moeite werd. Maar ons gee nie om nie, want vir ons sal dit ook die moeite werd wees."

,,Dis 'n baie vriendelike aanbod," sê die Oerwoudman met 'n ligte glimlag. ,,Maar ek is bevrees ek kan dit nie aanvaar nie."

,,Jy sal dit nie aanvaar nie?" vra Jack Burton. ,,Dit is tog baie geld, ou kêrel, en ál wat ons wil hê, is dat jy ons moet begelei, en, soos my vriend hier sê, vir ons gaan voorbrand maak daar by die inboorlinge. Die plek waar ons moet gaan werk, is toevallig baie naby aan die grens van Malawi . En ons voel glad nie gerus nie."

,,Nee, ek is bevrees ek kan dit nie aanvaar nie," sê die Luiperdman met 'n sug. ,,Hierdie keer is ek nie my eie baas nie. Hierdie keer is ek op 'n sending uitgestuur."

,,'n Sending?" vra Tony Dexter en sy gesig is vooruit gestoot.

,,Ja, ek kan ongelukkig nie besonderhede daaromtrent bekend maak nie," sê die groot man.

,,Staan dit in verband met die opstand in Malawi ?" Dit is Jack Burton wat so vra.

Die groot man trek sy skouers op, glimlag uitdrukkingloos en antwoord: ,,Miskien. . . miskien nie."

,,Is jy seker jy wil nie daaroor nadink nie?" vra Tony Dexter. ,,Ek bedoel oor ons aanbod. Dit is darem baie geld om sommer so van die hand te wys."

,,En dit is baie geld om sommer vir 'n vreemdeling aan te bied," sê die Oerwoudman. ,,Hoe weet julle of dit die moeite werd sal wees?"

,,Daaraan twyfel ons nie," sê Jack Burton goedig. ,,Daarvoor weet ons al oorgenoeg van jou invloed en jou karakter. Maar in elk geval, dink daaroor na. Daar is nog tyd voordat ons in Dar-es-Salaam is. Daar is geen besondere haas nie. Ek is seker dit sal vir jou meer lonend wees as hierdie sending waarvan jy gepraat het."

,,Jammer," sê die Luiperdman, ,,dit is nie vir my nodig om daaroor na te dink nie. Ek kan julle kêrels sommer nou hier op die

daad sê dat ek dit nie kan aanvaar nie. Ek het ander belangrike werk om te doen en ek kan dit nie nou laat vaar nie. Ek is gevra om dit te doen en ek gaan dit doen.''

,,Hét dit te doen met die opstand in Malawi ?'' vra Jack Burton weer.

,,Ek is bevrees daardie vraag sal onbeantwoord moet bly,'' antwoord die Luiperdman en hy vererg hom sommer dat hierdie man so opdringerig nuuskierig is.

,,Nou goed,'' sê Tony Dexter met 'n snaakse lig in sy oë. ,,Ons sal mekaar seker weer sien.''

,,Heel moontlik,'' sê die lang man en hy is dankbaar toe die twee omdraai en van hom af wegstap. Hy betrag hulle totdat hulle uit die gesig verdwyn en toe probeer hy vasstel waarom hy van hierdie twee vreemdelinge so weinig hou. Later die middag gee die Swart Luiperd die diere voer, bly 'n rukkie by hulle en toe gaan bad en trek hy aan.

Toe hy die eetkamer van die boot binnestap, kom 'n kelner na hom toe en sê dat mnr. Jack Burton gevra het dat hy die aandete saam met hom moet nuttig. Die Luiperdman stap na hul tafeltjie en hy is daarvan bewus hoedat mense na hom staar. Goedkeurend en bewonderend. Jack Burton en Tony Dexter staan albei beleefd op toe hy kom aansit. ,,Ons wil graag 'n bietjie meer van jou ondervindinge hoor,'' sê Jack Burton. ,,Ons wil ook hê jy moet ons raad gee, want ons is natuurlik vreemdelinge in hierdie deel van die wêreld en ons ken die gevare van die woesteny glad nie.''

Hulle begin hieroor en daaroor gesels en die Swart Luiperd vertel hulle haarfyn hoe hulle te werk moet gaan wanneer hulle in die onbewoonde streke reis. Hy gee hulle raad oor die hoeveelheid kos, die inboorlinge en nog veel meer.

Dit is toe dat Jack Burton sy versoek herhaal dat die Luiperdman hulle moet vergesel op hul reis. Maar nogmaals weier hy.

,,Dit is baie jammer,'' sê Tony Dexter. ,,Ons sou jou baie graag as 'n metgesel wou gehad het, Luiperdman. Jy ken die wêreld, jy ken die inboorlinge, jy ken die omstandighede, terwyl ek en Jack hier maar twee groentjies is met hierdie soort ding.''

,,Dit spyt my,'' sê die Luiperdman en die twee manne lyk vir hom nou glad nie meer agterdogwekkend nie. ,,As ek nou nie ander werk gehad het nie, sou ek met plesier met julle saamgegaan het. Maar soos ek vanmiddag gesê het, het ek 'n ander verpligting en ek kan dit nie laat vaar nie.''





,,Hoe lyk dit met 'n potjie kaart vanaand?'' vra Tony Dexter toe hulle klaar geëet het.

,,Dit spyt my,'' sê die Swart Luiperd, ,,maar ek weet van kaarte soveel soos die kat van saffraan. Buitendien wil ek vanaand 'n bietjie vroeg gaan rus. Ek hoop julle sal my verskoon.''

Die Luiperdman stap saam met Jack Burton en Tony Dexter na die ruskamer waar die twee by 'n tafel gaan plaasneem om kaart te speel. Toe sê hy hulle nag en stap uit op die dek. Hy gaan weer na waar sy diere is, praat met hulle op sy eie taal, stryk vir Spikkels en Simson oor die koppe, gaan klop ou Donker teen die nek, vee oor sy maanhare en voer hom met twee klontjies suiker wat hy uit die eetsaal saamgebring het.

Dit is 'n donker, drukkende aand. Rondom die skip, buite die beperkte ligvlak uit die patryspoorte en van die dek af, is die seewater 'n swart, ondeurgrondelike massa. 'n Oomblik, terwyl hy daar op die agterdek staan, wonder die Luiperdman of die haaie nog steeds die vaartuig agtervolg. Hy trek sy das los en waai sy gesig met sy hande koel. Hy is byna jammer dat hy nie saam met die twee manne kan gaan nie. Waar hulle vanmiddag vir hom 'n bietjie agterdogwekkend voorgekom het, lyk hulle vir hom vanaand heeltemal normaal—twee vriendelike manne wat 'n bietjie onseker voel oor die vreemde en wat hom graag wil gebruik om hulle oor die weg te bring.

Maar toe steek hy sy hand in die binnesak van sy baadjie en voel aan sy sakportefeulje. In daardie sakportefeulje rus die brief wat hy op die plaas ontvang het en waarin die belangrike versoek aan hom gestel word. Nee, dit is veel belangriker as 'n reis saam met twee prospekteerders wat hulle verbeel dat hulle in die berge naby die grens tussen Tanzanië en Malawi uraan sal vind.

Meteens runnik Donker saggies en Spikkels en Simson los elkeen 'n bedwonge knor.

Die Luiperdman draai verbaas om. Sou hulle dan iets gewaar het? Hy kyk terug na waar die ligte ver van hom af op die dek uitskyn. Maar hier waar hy is, heeltemal op die agterdek, is dit

donker en verlate. Tog kry hy meteens die gevoel dat hy hier nie heeltemal alleen is nie. Afgesien van sy diere is hier nog iets of iemand. Dit is die soort voorgevoel wat die Luiperdman al in die oerwoud en in die vreemde aangeleer het. 'n Vroeë, waarskuwende gevoel wat hy eintlik nie kan verklaar nie. Maar wat hom tog dikwels instinkmatig aanraak wanneer gevaar dreig.

Die gevoel is vir hom nou egter onverklaarbaar. Watter gevaar kan hom hier op die dek van 'n groot passasiersboot bedreig?

Hy praat paaiend met sy diere en toe stap hy terug na die voordek. Hier agter op die dek is ook 'n klompie kiste netjies opmekaar gestapel.

En dit is net toe die Swart Luiperd by die kiste verby stap, dat die slag hom agter sy nek tref, 'n slag so hard en meedoënloos asof 'n boom skielik op sy nek omgeval het.

Die sterre spat voor sy oë. 'n Kort snak spring uit hom. Hy staan en wankel daar maar hy is vasberade om op sy voete te bly. Daardie oomblik weet hy nie wat hom getref het nie. Al wat hy weet, is dat hy regop wil bly, en by sy volle positiewe.

Maar die volgende oomblik rondomtalie hy daar op die donker agterdek, sy knieë knak onder hom en toe val hy met 'n dowwe plof op die dek neer. Hy roer en woel daar, probeer sy bewussyn behou, maar die volgende oomblik sak hy in 'n diepe bedwelming weg, word alles nog swarter om hom, hoor hy vreemde geluide soos klokkespel in sy hoof, en die volgende oomblik weet die groot man niks meer nie. Hy hoor nie hoedat ou Donker nou meer opgewonde runnik en hoedat sy twee tiers harder brom daar in hul hok nie.

Ook sien hy nie die figuur wat vinnig hier in die donker langs hom buk nie. Hy voel nie die hand wat soekend oor sy klere gaan nie.

Want op daardie oomblik is die Swart Luiperd baie ver in droomland.



## Hoofstuk 2

## KONSTERNASIE

Toe die Swart Luiperd eindelik daar op die dek weer tot sy positiewe kom, kom alles baie stadig tot hom terug. Hy herinner hom hoe hy van sy diere af terug gestap gekom het, hoedat 'n moordende hou hom agter sy nek getref het, hoedat hy geveg het om op sy bene te bly, en 'n oomblik wonder hy of dit nie maar net 'n droom was nie. Maar toe word hy opnuut bewus van die hete, kloppende pyn in sy kop en hy besef dat daardie slag wat hom getref het, nie 'n hallusinasie is nie maar 'n aaklige werklikheid. Hy sit stadig orent, vee oor sy nek en toe sukkel hy om op sy voete te kom. Hy voel nog onvas op sy bene maar nadat hy 'n rukkie teen die kaste geleun het, voel hy sekerder en stewiger op sy voete.

Hy vryf aanhoudend oor die plek aan sy nek waar die hou hom getref het. Hy tuur deur die donker of hy nie iemand sien beweeg nie maar hy gewaar niemand nie. Hy kyk dringend op die dek rond of hy nie die aanvalswapen sien lê nie, maar hy sien niks.

Dit is toe dat die Swart Luiperd sy hand in sy binnesak steek en die volgende oomblik los hy 'n uitroep van ontsteltenis.

Sy sakportefeulje makeer. Dan het iemand hom blykbaar probeer beroof, is die onmiddellike gevolgtrekking waartoe hy kom. Hy voel sy binnesak weer deur, toe sy baadjiesakke en toe sy broeksakke, hoewel hy weet dat dit onnodig is. Die sakportefeulje was in die binnesak van sy baadjie. Nou is dit weg. En daarmee ook die belangrike geheime brief wat hy ontvang het.

Die Luiperdman spring so vinnig weg dat hy amper weer onderstebo is want sy kop is nog glad nie reg nie. So gou hy kan, haas hy hom met die dek langs, verby opvarendes wat in dekstoele verademing kom soek het, toe swaai hy deur die eetkamer, deur die ruskamer waar Jack Burton en Tony Dexter nog steeds sit en kaart speel, reguit na die navraagkantoor.

,,Ek wil dadelik die kaptein spreek,'' sê die Swart Luiperd vir die beampte wat daar op diens is.

,,Die kaptein?'' vra die man.

,,Ja, die kaptein,'' sê die Swart Luiperd ongeduldig. ,,Ek is so